



FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Prof Wynand van der Merwe

Dekaan: Fakulteit Gesondheidswetenskappe

DANKSY DIE SUKSES waarmee die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) in 2009 sy strategiese teikens tot praktiese uitvoer kon bring, is ons tans goed geposisioneer om die strategiese prioriteite en doelwitte van die 2015 Oorhoofse Strategiese Plan van die Universiteit Stellenbosch te bereik.

Volgehoue pogings om die diversiteitsprofiel van ons studentekorps in ooreenstemming te bring met dié van die Wes-Kaap – en uiteindelik van die land – het weereens vrugte afgewerp. In 2009 het swart studente 43,8% van die totaal van 1 730 voorgraadse studente uitgemaak. Teen die huidige groeikoers sal ongeveer 50% van die FGW se voorgraadse studente in 2015 swart wees. Studentesukses het oor die afgelope 3 jaar wesenlik verbeter, naamlik van 92% tot 96%, ten spyte van meer studente uit onderwysbenadeelde skole. 'n Betekenisvolle belegging in onder andere tutor-/mentor-programme, Eerstejaars-akademiefasiliteerders en leerfasilitering vir senior studente in kliniese studiejare het bygedra tot hierdie sukses. Die voorgraadse studentetal het die afgelope 5 jaar gegroei met net sowat 2% per jaar. Na verwagting sal hierdie getal egter oor die volgende vyf jaar aansienlik groei en help om die huidige tekort aan professionele gesondheidswerkers in Suid-Afrika uit te wissel.

Die nagraadse studentetal het steeds gegroei, veral by meestersgraad- en nagraadsdiplomastudente. Laasgenoemde was veral in Verpleegkunde, waar die Fakulteit in ooreenkoms met die Departement Gesondheid van die Wes-Kaapprovinsie studentetalle in sekere spesialisgebiede betekenisvol verhoog het om in streeks- en nasionale behoeftes te voorsien. Op nagraadse vlak was swart studente 57,1% uit die ingeskrewe totaal van 1 715. Die aantal nagraadse studente uit die res van Afrika neem steeds toe en beloop tans bykans 10% van die totaal. Vennootskappe met maatskappye in die gesondheidsindustrie, beursbefondsing deur internasionale navorsingskontrakte en ander derdegeldstroominkomste het bygedra tot 'n verdere toename van veral meestersgraadstudente. Vanweë hierdie groei en die spesifieke behoeftes van nagraadse studente is 'n toegewyde administratiewe kantoor in 2009 op die been gebring. Die funksies en prosesse van hierdie kantoor sal gekoördineer word met 'n soortgelyke kantoor wat in 2010 op die Stellenbosch-kampus gevestig sal word.

Die navorsingspublikasies van akademiese personeel in eweknie-beoordeelde tydskrifte het oor die laaste drie jaar met 33% toegeneem – dit terwyl die publikasie-uitsette van die

meeste Suid-Afrikaanse universiteite staties gebly of afgeneem het. Internasionale befondsing het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot navorsingsprestasies. Groot navorsingstoekennings, hoofsaaklik van internasionale bronne, het van minder as R30 miljoen in 2005 gegroei tot bykans R120 miljoen in 2009. Dit het bygedra tot navorsingsprojekte en -uitsette van besondere gehalte – dermate dat die Fakulteit deur instansies soos die Elsevier-uitgewers erken word as wêreldleier op gebiede soos TB-navorsing (en pediatriese TB-navorsing in die besonder), geestesgesondheid en breinbeelding. Die FGW se groeiende reputasie vir navorsingsvoortreflikheid het in 2009 weer geblyk uit die groot belangstelling onder internasionale navorsers om met navorsers en klinici van die FGW saam te werk aan 'n verskeidenheid van projekte oor TB, MIV en siektes van armoede en leefstyl, wat 'n uitdyende navorsingsgebied in die Fakulteit is.

In 2009 is heelwat tyd en aandag gefokus op die vestiging van 'n landelike, kliniese skool in die Boland/Overberg-streek, met Worcester as die kern. Die bedoeling met hierdie skool is om ons studente ervaring te gee van landelike gesondheid. As die eerste kliniese skool van hierdie aard in Suid-Afrika kan dit as 'n unieke laboratorium dien vir 'n bruikbare Afrika-model vir gesondheidswetenskappe-opleiding in 'n omgewing met beperkte hulpbronne. Deur die onderhandelde medewerking van ander fakulteite te verkry, het ons hierdie inisiatief aansienlik verbreed, met volhoubare landelike ontwikkeling as die kerndoelwit.

Die grondslag vir die skool is reeds gelê deur FGW se Ukwandasentrum vir Landelike Gesondheid in die Overberg, wat 'n sterk akademiese opleidingsplatform op die platteland gevestig het in noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, gesondheidsowerhede, munisipaliteite en nie-regeringsorganisasies. Soos Ukwanda, sal die nuwe kliniese skool gemeenskapsdiens en -interaksie, as sleutelfunksie van die Fakulteit, integreer met onderrig en navorsing. As sentrale onderdeel van 'n nuwe landelike satellietkampus van die Universiteit in Worcester, sal die skool ook geleenthede skep vir nagraadse studente en vir interfakulteietsamewerking aan projekte rakende alle aspekte van sekerheid vir plattelandse mense. In 2009 is begin om grond aan te koop vir die oprigting van die akademiese gebou en die eerste studente sal waarskynlik in 2011 geakkommodeer kan word.